

17 April

Skrifgedeelte: Filemon 4:2-9
Fokusgedeelte: Filemon 4:4-5

Blydskap in alle omstandighede

'n Mens dink gewoonlik jou gemoedstoestand word alleen deur jou omstandighede bepaal. Wanneer dit met jou goed gaan en jy voorspoedig is, is jy vrolik en bly. Wanneer jy swaarkry en hartseer is, verdwyn jou blydskap en opgeruimdheid.

Die Here gee egter deur Paulus aan ons die opdrag om bly te wees. Jy moet bly wees, nie net wanneer jy rede het nie, maar onder alle omstandighede. Wees altyd bly, selfs wanneer dit met jou baie moeilik gaan.

Dit sien 'n mens ook in Paulus se lewe self. Al was sy lewe nie altyd maanskyn en rose nie, was blydskap en dankbaarheid een van die uitstaande kenmerke van sy lewe. Tydens een van sy sendingreise is hy en Silas in Filippi gevange geneem, gegésel en in die tronk opgesluit. Daardie nag het hulle lofliedere gesing om so uiting te gee aan hulle blydskap en dankbaarheid [Hand 16].

Die geheim van Paulus se blydskap en ook van die Here se opdrag om altyd bly te wees, lê in die woorde: **in die Here**. Wees altyd bly **in die Here**. Dit beteken jy is aan die Here verbind. Jou skuld wat skeiding tussen jou en die Here gebring het, is deur die Here Jesus weggeneem. Dit is jou kosbaarste rykdom as gelowige. Alle ander dinge kan van jou weggeneem word – jou gesondheid, jou besittings, selfs jou lewe. Maar die feit dat jy aan die Here behoort en aan Hom verbind is, kan deur niks en niemand van jou weggeneem word nie. Daarom kan jy in alle omstandighede straal van blydskap.

Sing: Psalm 97:1,7

Ds C Krüger (Nelspruit)